

Die Bybelse siening oor verpligte entstowwe

2021

Die vraag of iemand ingeënt wil word of nie ingeënt wil word nie moet aan die vryheid van elke individu en die ouer van 'n kind oorgelaat word. Dit is 'n uiters belangrike Bybelse beginsel. 'n Beginsel wat beskerm en verdedig moet word. Entstowwe mag nooit verplig word nie. Dit is wat hierdie artikel poog om op Bybelse gronde te bewys.

Wat is die standaard waarmee ons etiese vrae moet beantwoord? Die standaard is God se Woord. Ja, dit moet beantwoord word deur die objektiewe standaard, die standaard buite ons. Dit is die enigste standaard om goeie etiese wette te bepaal (2 Tim. 3: 16-17). As die antwoord van die mens afhang, is die antwoord subjektief - die antwoord sal verander na gelang van die omstandighede en die tyd waarin ons leef. Daarom moet ons God se Woord gebruik wanneer ons probeer om die vraag te beantwoord of entstowwe mag wees of nie.

Of entstowwe voordelig is vir die gesondheid van mense, is 'n mediese vraag wat deur mediese bewyse opgeweeg moet word. Hierdie beginsel is gegrond op die negende gebod wat lui dat 'n mens nie moet lieg nie, maar altyd die waarheid moet praat. As die waarheid is dat entstowwe sal help en die bewyse eerlik opgeweeg is, kan God geprys word vir sy goedheid om mense die vermoë te gee om geneesmiddels vir siektes te ontdek - siektes wat ongelukkig die gevolg is van die val van die mens van morele aard opregtheid in sonde. Ons is inderdaad dank verskuldig aan God vir sy onverdiende goedheid op alle lewensterreine en die vooruitgang in die mediese wetenskap.

Maar belangrik, ongeag of entstowwe voordelig is of nie, moet mense steeds bepaal of die gebruik en vervaardiging van spesifieke entstowwe moreel reg is. Is dit reg dat geaborteerde babas se sellyne in entstowwe gebruik word? Is dit reg dat entstowwe getoets word in die sellyne van geaborteerde mense? Dit is baie relevante vrae, en elke entstof se vervaardiging moet aan die Woord getoets word. Die etiese basis vir die gebruik of vervaardiging van entstowwe word egter nie in hierdie artikel behandel nie. Die fokus van hierdie artikel is om te bepaal of iemand verplig kan word om 'n inenting te vat.

As daar (sover moontlik) vasgestel is dat spesifieke entstowwe voordelig is en moreel geregverdig is, sit ons steeds met die vraag of individue verplig mag word om die entstof te vat.

Moet mense die vryheid hê om self te besluit of hulle 'n entstof wil neem of nie? Mag 'n regering, 'n dokter, 'n onderneming of 'n ander persoon 'n ander mens dwing om medisyne te neem vir 'n siekte teen sy wil?

Die volgende vraag kan nuttig wees om die probleem aan te spreek: Mag 'n regering of 'n dokter iemand dwing om medisyne te neem vir sy diabetes/hipertensie/verkoue? Die meeste mense sal waarskynlik die laaste vraag met 'n besliste "nee" antwoord. Moet ons antwoord verskil oor entstowwe?

Die agtste gebod ("jy mag nie steel nie") en die sesde gebod ("jy mag nie doodmaak nie") kan ons help om die vraag te beantwoord of mense self moet kan besluit of hulle 'n entstof wil neem of nie wil neem nie.

Die agtste gebod veronderstel dat 'n persoon besittings kan hê wat aan hom/haar behoort. As die agste gebod jou verbied om iets te steel, veronderstel die gebod dat 'n ander persoon 'n voorwerp besit wat jy nie onwettig van daardie persoon mag vat nie. Verder het die persoon wat die voorwerp besit, in lyn met die sesde gebod, die vryheid om te doen wat hy wil met die voorwerp, solank die voorwerp nie gebruik word om iemand te vermoor of seer te maak of iemand anders se besitting te beskadig nie.

Dit is belangrik om daarop te let dat God, en nie die regering nie, die regter is in die geval dat iemand nie sy besitting verantwoordelik teenoor homself gebruik nie (byvoorbeeld as hy sy besitting breek of sy eie liggaam seermaak). Slegs wanneer iemand 'n ander persoon of 'n ander persoon se besittings verkeerd hanteer, kan hy deur 'n menslike wetstoepassende instelling (nl. die burgerlike owerheid) vervolg word (Rom. 13: 4).

Nou die liggaam van 'n persoon behoort aan homself. Dit is sy besitting. Gevolglik is 'n persoon wettiglik toelaatbaar om enige iets met sy liggaam te doen. Net weer - hy kan enige iets met sy liggaam (en sy besittings) doen, solank dit nie iemand seermaak of iemand anders se besitting beskadig nie. Maar hy gaan tog uiteindelik aan God verantwoording moet doen vir die mishandeling van sy eie liggaam en sy besittings.

As iemand byvoorbeeld 'n gevaarlike staptog op Berg Everest wil aandurf, kan hy dit doen. As hy nie sekere voorgeskrewe medisyne (o.a. inentings) wil neem nie, hoef hy dit nie te neem nie. In hierdie gevalle is die slagspreuk “my liggaam my keuse” akkuraat. Tog as 'n vrou 'n aborsie wil ondergaan geld die slagspreuk “my liggaam my keuse” nie. Om 'n aborsie te doen is in stryd met die sesde gebod omdat die prosedure 'n ander persoon seermaak. Die aborsie maak nie net die moeder seer nie, maar ook die baba in die moederskoot. M.a.w. die prosedure benadeel die besit van 'n ander persoon (die baba se liggaam). Die ma is wettiglik vry om haarself seer te maak (maar met verantwoording teenoor God natuurlik), maar sy is nie geregverdig om iemand anders (insluitend haar baba) onwettiglik seer te maak nie. Ja, die slagspreuk “my liggaam my keuse” mag nie verkeerd toegepas word om iemand anders se liggaam doelbewus en onwettiglik seer te maak nie.

Maar wat van kinders? Kan ouers besluit oor die mediese behandeling van hul kinders? Ja, God het aan ouers die verantwoordelikheid gegee om vir hulle kinders te sorg (Ps. 127: 3; Ef. 6:4; 1 Tim. 5:8). Dit beteken dat die ouer nie hul kinders doelbewus kan seermaak nie. God vereis dat ouers hulle kinders die vrees van die Here moet leer (Ef. 6: 4) en om te sorg vir hul lewensonderhoud (1 Tim. 5:8), soos kos en skooling. Dit is slegs die ouers se verantwoordelik teenoor God om vir hul kinders te sorg. Die regering kan nie 'n ouer vervolg met betrekking tot die lewensonderhoud nie. Die regering mag slegs betrokke raak as die ouer die kind seermaak - daar moet 'n aantoonbare misdaad teen die kind wees. Om 'n entstof te weerhou van die kind, beteken nie dat 'n kind doelbewus beseer word nie, omdat dit nie deur 'n geregtelike proses bewys kan word nie. Daarom moet die ouers (wat voor God verantwoordelik is vir die lewensonderhoud van hul kinders) kan besluit of hul kinders 'n entstof gaan kry of nie gaan kry nie.

Iemand kan miskien redeneer dat as jy die moontlikheid het om iemand anders met 'n moontlike siekte in die toekoms aan te steek en seer te maak, jy verplig kan word om die inenting te vat want dit verminder die moontlikheid om iemand anders seer te maak. Hier moet duidelik gemaak word dat persoon A slegs daarvan beskuldig kan word dat hy persoon B seergemaak het as, en slegs as, daar bewys kan word dat persoon A die misdaad werklik pleeg het - daar moet twee of drie getuies van die misdaad wees (Deut. 17: 2 -6; 19: 15-21; Matt. 18: 15-16). As persoon A nie deur hierdie geregtelike proses skuldig bewys kan word nie, moet persoon A as onskuldig aanvaar word. Ja, die Bybelse beginsel van onskuldig tot skuldig bewys is van kardinale belang wanneer ons op die

gebied van menslike geregtigheid werk. Wat het dit met inentings te doen? Baie. Iemand mag nie as 'n hater van sy naaste beskou word as hy nie die entstof wil neem nie, aangesien dit nie bewys kan word dat hy haatlik is nie. Daar is geen bewyse dat hy sy naaste probeer seermaak nie. As 'n persoon siek is en dit deur twee of drie getuies getoon kan word dat hy ander mense doelbewus probeer besmet (en seermaak), kan hy skuldig bevind word aan die poging om iemand ander seer te maak.

Ter afsluiting. Die agt en sesde gebooie gee ons die eenvoudige antwoord dat niemand gedwing mag word om hulself of hul kinders in te ent nie. Maar tog moet almal die vryheid hê om hulleself in te ent.

Verdere opmerkings rakende die kwessie van verpligte entstowwe kan ook nuttig wees.

Eerste opmerking. God regeer die gewete van die Christen. Dit beteken dat Christene alles in geloof moet doen. Ons moet oortuig wees dat wanneer ons besluite neem wat verband hou met ons gesondheid (of enigiets anders), ons moreel regte besluite voor God moet en wil neem. As 'n Christen 'n beswaar het teen 'n entstof en dit nie wil vat nie, vanweë 'n redelike Bybelse verdedigbare rede (bv. die gebruik van babas se sellyne in entstowwe, of newe-effekte van die behandeling), moet die Christen nie die entstof neem nie en moet hy nie gedwing word om die entstof te neem nie. As 'n entstof nie in geloof en met 'n skoon gewete geneem kan word nie, dan is dit sonde vir daardie Christen (Rom. 14:23). Christene moet daardie vryheid van keuse kry op grond van die handhawing van 'n skoon gewete voor God.

Tweede opmerking. Dit is waar dat alles op hierdie aarde (insluitend die menslike liggaam) aan die Here behoort (Ps. 24: 1). Die Here besluit wat met sy besittings moet gebeur. Om hierdie rede is dit belangrik om sy gebooie (dit wil sê die agtste gebod) te volg met betrekking tot sy besittings wat hy aan mense toevertrou het (bv. hulle liggame). Maar dit is ook waar dat Christene op 'n besondere manier aan God behoort. God die Seun het vlees aangeneem, kom lewe onder ons, kom sterwe en so met sy eie bloed vir gelowiges se sondes betaal - Hy het die regverdige straf vir ons sondes op Hom geneem. Hy het ons duur gekoop (1 Pet. 1:18), en ons behoort nou aan Christus (1 Kor. 6: 19-20). Die implikasie hiervan is dat ons nie aan onself behoort nie, en dit impliseer verder dat ons nie met ons liggame kan doen wat ons wil nie (of wat die regering wil nie). Ons moet anders as ongelowiges dink oor ons liggame en die besluite wat ons oor ons liggame

neem. Ons gewete is nou gehoorsaam aan Christus en Sy Woord. Ons mag nie die wêreld blindelings in gesondheidsbesluite volg nie, maar moet alles meet aan die Woord van God om te bepaal of ons optrede gehoorsaam aan God is of nie is nie.

'n Laaste opmerking. Ons mag nooit kwaad doen met die doel dat iets goeds daarvan sal kom nie. Met ander woorde, ons mag nooit iets moreel verkeerd doen (of regverdig) met die doel dat die algemene welstand van die samelewing die gevolg is nie. As iemand beweer dat almal 'n entstof moet neem (selfs al is dit in stryd met hulle gewete of selfs as dit sommige mense seermaak) omdat dit ten goede sal wees vir die mensdom, moet dit verwerp word as 'n sondige rede om goed te doen. God verbied iemand om kwaad te doen met die doel om goed te doen: "(l)aat ons kwaad doen, sodat die goeie daaruit kan voortkom? Hulle veroordeling is regverdig." (Rom. 3:8)